Suid-Afrika, Kaapstad 30 November 2018 – Naspers Beperk (JSE: NPN; LSE: NPSN) het vandag sy resultate vir die halfjaar tot 30 September 2018 aangekondig.

"E-HANDELSEENHEDE HET STERK WINSBYDRAES GELEWER EN NASPERS IS GOED GEPOSISIONEER OM GROEI TE DRYF", SÊ BOB VAN DIJK, GROEP- UITVOERENDE HOOF.

Groephoogtepunte

- **Omset styg jaar tot jaar met 29%[1] tot VS11.0mjd[2]** (2017: VS$9.0mjd[2]).
- **Handelswins groei jaar tot jaar met 34%[1] tot VS$2.0mjd[2] (**2017: VS$1.7mjd[2]).
- **Kernwesensverdienste groei met 39% tot VS$1.7mjd** (2017: VS$1.2mjd).
- e-Handel se handelsverliese aansienlik laer danksy sterk bydraes deur geklassifiseerde advertensies, wat winsgewend geword het met letgo ingesluit, en die B2C-segment (besigheid na verbruiker).
- Videovermaakbesigheid beoog om op die JSE te noteer as MultiChoice Group.
- Sterk balansstaat met netto kontant van VS$8.7mjd posisioneer die groep om verdere groei na te streef.
- VS$750m in geklassifiseerde advertensies, betalings en aanlyn kosaflewering belê.
- Interne opbrengskoers van 22% op bestaande bates (Tencent uitgesluit) sedert 2008.
- Flipkart-belang aan Walmart verkoop vir VS$2.2mjd, teen 'n interne jaarlikse opbrengskoers van sowat 29%.

Basil Sgourdos, groep- finansiële hoof, het gesê:

"Ons het in die eerste helfte van die jaar goed gevaar deur omset met 29%[1] tot VS$11,0mjd[2] op te stoot, en handelswins met 34%[1] tot VS$2.0mjd[2]. Geklassifiseerde advertensies is nou winsgewend met letgo ingesluit. Handelsverliesmarges in e-kleinhandel en betalings het aansienlik gekrimp terwyl die ondernemings stewige omsetgroei behaal het en skaal verder uitgebrei het. Naspers het met die onlangse verkoop van Flipkart sy prestasiegeskiedenis voortgesit om sterk opbrengste vas te pen."

Bob van Dijk, groep- uitvoerende hoof, het bygevoeg:

"In September het ons 'n beduidende tree vorentoe gegee in ons ontwikkeling tot 'n internasionale verbruikersinternetmaatskappy, met die aankondiging van ons voorneme om ons videovermaakbesigheid te noteer. Ons glo dit sal waarde vir Naspers-aandeelhouers ontsluit en terselfdertyd 'n bemagtigde top-40 JSE-genoteerde Afrika-vermaakmaatskappy skep. Dit beteken dat 100% van ons omset en wins voortaan van aanlyn ondernemings afkomstig sal wees. Ons het gedurende die hele tydperk voortgegaan om in groei te belê en ons aanlynkosaflewering-, geklassifiseerdeadvertensie- en betalingsondernemings te versterk."

Koos Bekker, Naspers-voorsitter, het opgemerk:

"Die span het in die eerste helfte van die jaar goeie vordering gemaak om 'n gefokusde verbruikersinternetmaatskappy op te bou wat langtermyn-opbrengste vir aandeelhouers lewer. Ons lewer ook sinvolle bydraes tot die gemeenskappe wat ons bedien, en ons hoop om belegging in vroeë-fase tegnologiemaatskappye in Suid-Afrika en in die buiteland te versnel."

Sleutelmaatstawwe	1H FJ19	1H FJ18
	VS$'m	VS$'m
Omset[2]	11 022	8 987
Handelswins[2]	2 035	1 665
Kernwesensverdienste	1 664	1 196
Vrye kontantinvloei/(-uitvloei)	271	(96)
Gekonsolideerde ontwikkelingsbesteding	233	331

Ons benadering

Ons glo goeie idees kan die wêreld verander – om groot gemeenskapsbehoeftes aan te pak, mense nader aan mekaar te bring en hul lewensgehalte te verbeter, en dit meer genotvol en verrykend te maak. Ons glo die beste idees begin dikwels op eie bodem, en daarom soek ons uitsonderlike entrepreneurs wat voldoen aan die behoeftes van die mense en gemeenskappe wat hulle die beste verstaan. En wanneer ons daardie selfde behoeftes elders identifiseer, kan die ondernemings waarin ons belê en wat ons help opbou, met ons ondersteuning en hul vooruitstrewendheid internasionale spelers word wat die wêreld verander. Wanneer ons in entrepreneurs belê, is dit 'n vennootskap. Ons bydrae is hulpbronne, skaal, ervaring en kundigheid en hul bydrae is hul insigte, idees, passie en ambisie. Saam werk ons hard om hul maatskappy se volle potensiaal te verwesenlik.

Omtrent Naspers

Naspers, wat in 1915 gestig is, is 'n internasionale internet- en vermaakgroep en een van die grootste tegnologiebeleggers in die wêreld. Met werksaamhede in meer as 120 lande en markte met langtermyn-groeipotensiaal, bou Naspers vooraanstaande maatskappye wat mense bemagtig en gemeenskappe verryk. Naspers bedryf van die wêreld se voorste internet-, videovermaak- en mediaplatforms.

Naspers-maatskappye bring mense met mekaar en die wyer wêreld in aanraking, help mense om hul daaglikse lewe te verbeter, en vermaak gehore met die beste plaaslike en internasionale inhoud. Miljoene mense gebruik daagliks die produkte en dienste van maatskappye waarin Naspers belê het of wat deur Naspers verkry of opgebou is, waaronder Avito, Brainly, Codecademy, eMAG, ibibo, iFood, letgo, Media24, Movile, MultiChoice, OLX, PayU, Showmax, SimilarWeb, Swiggy, Twiggle en Udemy.

Insgelyks het honderde miljoene mense die platforms van Naspers se geassosieerde maatskappye deel van hul daaglikse lewe gemaak: Tencent (www.tencent.com; SEHK 00700), Mail.ru (www.corp.mail.ru; LSE: MAIL), MakeMyTrip Limited (www.makemytrip.com; NASDAQ:MMYT) en DeliveryHero (www.deliveryhero.com; Xetra: DHER).

Naspers is op die Johannesburgse aandelebeurs genoteer (NPN.SJ) en het 'n Amerikaanse depositobewys (ADB)-notering op die Londense aandelebeurs (LSE: NPSN). Vir meer inligting, besoek www.naspers.com.

Kontakinligting:

Eoin Ryan, hoof van beleggerverhoudinge
Tel: +1 347-210-4305
E-pos: eoin.ryan@naspers.com

Shamiela Letsoalo
Mediaverhoudinge, Suid-Afrika
Tel: +27 11 289 3750
Selfoon: +27 78 802 6310
E-pos: shamiela.letsoalo@naspers.com

Die volledige resultate is op Naspers se webwerf beskikbaar by www.naspers.com/investors.

AANTEKENINGE

[1] Groeipersentasies word in die plaaslike geldeenheid aangedui en vir samesmeltings en verkrygings aangepas, tensy anders vermeld.

[2] Alle bedrae word op die grondslag van ekonomiese belang aangedui (dws dit sluit 'n proporsionele konsolidasie van die bydrae van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings in), tensy vermeld word dat dit op 'n gekonsolideerde grondslag aangedui word.

BELANGRIKE INLIGTING

Hierdie verslag kan vooruitskouende verklarings bevat soos omskryf in die Verenigde State se "Private Securities Litigation Reform Act" van 1995. Woorde soos "glo", "verwag", "van voorneme", "beoog", "sal", "beplan", "kan", "mag", "streef" en soortgelyke uitdrukkings word gebruik om sodanige vooruitskouings te identifiseer, maar is nie die enigste manier waarop sodanige verklarings geïdentifiseer kan word nie.

Uiteraard hou hierdie vooruitskouende verklarings risiko en onsekerheid in omdat hulle op toekomstige gebeure en omstandighede betrekking het, en moet in die lig van verskeie belangrike faktore beskou word. Hoewel hierdie vooruitskouende verklarings ons standpunte en verwagtings weerspieël, kan 'n aantal risiko's, onsekerhede en ander belangrike faktore meebring dat werklike ontwikkelinge en resultate wesenlik van ons verwagtings verskil.

Die sleutelfaktore wat kan meebring dat ons werklike resultate of prestasies wesenlik van dié in die vooruitskouende verklarings verskil, is onder meer veranderings aan IFRS en die vertolkings, toepassings en praktyke onderhewig daaraan soos hulle op vorige, huidige en toekomstige tydperke van toepassing is; deurlopende en toekomstige verkrygings; veranderings in plaaslike en internasionale sake- en marktoestande soos wisselkoers- en rentekoersbewegings; veranderings in die plaaslike en internasionale regulatoriese en wetlike omgewings; veranderings in plaaslike en internasionale bedryfs-, maatskaplike, ekonomiese en politieke toestande; die voorkoms van arbeidsonderbrekings en nywerheidsonrus, en die uitwerking van beide huidige en toekomstige litigasie.

Ons is onder geen verpligting (en ontken uitdruklik enige sodanige verpligting) om vooruitskouende verklarings in hierdie verslag – hetsy as gevolg van nuwe inligting, toekomstige gebeure of om enige ander rede – by te werk of te wysig. Ons kan geen gerusstelling verskaf dat vooruitskouende verklarings korrek sal blyk nie en beleggers word gemaan om nie te veel staat te maak op enige vooruitskouende verklarings wat hierin vervat is nie.

- EINDE -